

BYLAAG A**30 JAAR VAN UITNEMENDHEID**

Sabi Sabi het hoë standarde gestel in terme van verantwoordelike toerisme. Hierdie privaat wildreservaat praktiseer volgens Billike Handel in toerisme. Sabi Sabi het ook vordering gemaak met die opheffing van en opleidingsgeleenthede vir personeel. Hulle probeer ook minderbevoorregte kinders in die omgewing ophef.

Sabi Sabi is die meeste ander wildreservate ver voor wat toepassing van 'verantwoordelike toerisme' aanbetref. Hierdie was een van die eerste toerisme bedrywe om 'n kunsmatige vleiland, wat afvalwater hanteer, te skep.

Hierdie sisteem het dié privaat wildreservaat verskeie *Imvelo-toekennings* vir omgewingsbewaring besorg. Nog 'n eko-projek is die verwydering van snelgroeiende indringerplante en -bome.

In 1995 het Sabi Sabi hulle eerste internasionale toekenning gewen vir hulle pogings om die lewens van hulle 200 personeellede te verbeter. Hulle kom van die nabygeleë dorpe Justicia, Huntington en Lillydale.

Sabi Sabi was een van die eerste toerismebestemmings om 'n sertifikaat vir Billike Handel in Toerisme te ontvang.

Baie van hulle opheffingspogings is opvoedkundig van aard. Die Lillydale Omgewingsleersentrum word byvoorbeeld deur die gemeenskap bestuur maar deur Sabi Sabi ondersteun. Hierdie sentrum het baie funksies en moedig toerisme aan wat vir die omgewing sorg. Dit moedig die plaaslike gemeenskap aan om hulle hulpbronne te bewaar. Sabi Sabi bevorder ook die Shangaankultuur.

Die nabygeleë gemeenskappe ontvang volwasse onderrig in Engels en besigheidsvaardighede.

Sabi Sabi het 'n fietsprogram van stapel gestuur wat fietse aan hoërskoolkinders gee. Hierdie kinders moes voorheen elke dag tussen 7 km en 11 km skool toe stap. Die fietsprogram leer die kinders eienaarskap en spanwerk. Hulle leer om hulle fietse op te pas. Hulle leer ook 'n bietjie hoe om geld te spaar.


Sabi Sabi het ook in opvoedkundige programme soos 'Reik uit en leer' en 'Leer die onderwysers' belê.

Dit is gepas dat Sabi Sabi se leuse 'Gister, Vandag en More' is.

[Aangepas uit: <<http://www.southafrica.net/za/en/articles/entry/article-southafrica.net-sabi-sabi-responsible-tourism>>]

BYLAAG B

WÊRELDTYDSONEKAART



BYLAAG C – VRAAG 5

Nasienrubriek vir konsepkaart

Kriteria	6	4	3	2	1	0	Moontlike punt
- Die verskillende sektore en sub-sektore in Toerisme - Voorbeeld vir elkeen van die aanbevole sektore - Begroting in ag geneem in keuse van aanbevole voorbeelde			Al DRIE kollyspunte is genoem ×2	Slegs TWEE van die kollyspunte is ingesluit ×2	Slegs EEN van die kollyspunte is ingesluit ×2	Geen van die 3 kollyspunte is genoem nie	3 × 2 = 6
Mnr. Chen se behoeftes en verwagtinge is geïdentifiseer			Ten minste 3 voorbeelde van behoeftes en 3 voorbeelde van verwagtinge is verskaf	2 voorbeelde van behoeftes en 2 voorbeelde van verwagtinge is verskaf	Slegs 1 voorbeeld vir elkeen is genoem, of 2 behoeftes of 2 verwagtinge is genoem	Geen behoeftes of verwagtinge is genoem nie	3
- Reisdokumente - Suid-Afrikaanse doeane regulasies - Gesondheidsregulasies en -aanbevelings - Veiligheidsaanbevelings - Geskikte betalingsmetode vir Mnr. Chen - Veilige en verantwoordelike gedrag tydensinteraksie met die plaaslike gemeenskap met betrekking tot etiese gedragskode vir toeriste	Al 6 die kollyspunte is aangeraak, met minstens 2 feite vir elkeen ×2	5 van die kollyspunte is aangeraak, met minstens 2 feite vir elkeen ×2	4 van die kollyspunte is aangeraak, met minstens 2 feite vir elkeen ×2	3 van die kollyspunte is aangeraak, met minstens 2 feite vir elkeen ×2	1-2 van hierdie kollyspunte is aangeraak, met minstens 2 feite vir elkeen ×2	Geen van hierdie kollyspunte is aangeraak nie	6 × 2 = 12
Verbande wat onderlinge verhoudings aandui			Al die moontlike verbande word aangedui met 'n gevoel vir hulle kompleksiteit	Slegs enkele betekenisvolle verbande word aangedui	Verbande is lukraak oor die bladsy versprei, soos spaghetti.	Geen verbande is aangedui nie	3
Uitleg van konsepkaart			Logiese uitleg	Uitleg het in paar gapings in logika	Uitleg vloei nie logies nie	Geen uitleg waarneembaar nie	3
Sleutel			'n Sleutel met verskillende kleure dui verskillende konsepte aan	'n Paar klein probleempies met die sleutel	Daar is groot probleme met die sleutel	Geen sleutel nie	3

[30]

BYLAAG D – VRAAG 9**Nasienrubriek vir opstel**

Kriteria	4	3	2	1	0	Moontlike punte
• Organisasie en meganika		Inligting is baie goed georganiseer met goed gekonstrueerde paragrawe. Geen grammatika-, spel- en/of puntuasie foute nie	Paragraaf konstruksie het 'n paar afwykings. 'n Paar grammatika-, spel- en/of puntuasie foute	Ongeorganiseer en met baie grammatika-, spel- en/of puntuasie foute		3
• Korrekte identifikasie van die tipe globale situasie wat 'n impak op toerisme het • Geskikte titel gegee		Beide die tipe situasie en titel is korrek of geskik	Een van die twee is korrek of geskik		Geen titel nie	3
• Evaluasie van die impak op toeriste self. Eie voorbeelde is verskaf	Positiewe en negatiewe faktore is genoem. Ten minste 4 punte gemaak (nie noodwendig twee oor elkeen nie, solank 4 punte gemaak is) Voorbeelde is verskaf ×2	Positiewe en negatiewe faktore is genoem. Ten minste 3 punte gemaak ×2	Positiewe en negatiewe faktore is genoem. Ten minste 2 punte is gemaak ×1	Positiewe en negatiewe faktore is genoem. Ten minste 1 punt is gemaak ×1	Geen evaluasie van invloede op die toeriste nie 0	4 × 2 = 8
• Evaluasie van invloede van hierdie situasie op die bestemmings	Positiewe en negatiewe invloede is genoem, al 4 kollyspunte is bespreek ×2	Positiewe en negatiewe invloede is genoem, ten minste 3 kollyspunte is bespreek ×2	Positiewe en negatiewe invloede is genoem, ten minste 2 kollyspunte is bespreek ×2	Positiewe en negatiewe invloede is genoem, ten minste 1 kollyspunt is bespreek ×1	Geen impak op die bestemmings is bespreek nie 0	4 × 2 = 8
• Begrip van die vermenigvuldiger-effek in terme van beurtkrag	Gesofistikeerde begrip van die onderlinge verband tussen die vermenigvuldiger-effek en die negatiewe invloed van beurtkrag ×3	Duidelike begrip van die onderlinge verband tussen die vermenigvuldiger-effek en die negatiewe impak van beurtkrag ×3	Beperkte begrip van die vermenigvuldiger-effek of geen verband met beurtkrag nie ×2	Beide beperk en swak verband. ×1	Geen poging om te antwoord nie 0	4 × 3 = 12
• Begrip van die verband tussen BBP en die invloed op beurtkrag	Gesofistikeerde begrip van die verband tussen BBP en die negatiewe invloed van beurtkrag ×3	Duidelike begrip van BBP in verband met beurtkrag ×3	Beperkte begrip van BBP of geen verband met beurtkrag nie ×2	Beide beperk en swak verband ×1	Geen poging om te antwoord nie 0	4 × 3 = 12

[46]